Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

MEI 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

VOORKOM BRANDE IN OVERSTRAND

Gegewe dat warm, winderige en droë weerstoestande vir die afsienbare toekoms verwag word, is die risiko van wegholveldbrande vanjaar groter as ooit.

Die Overberg is een van die areas in die Wes-Kaap wat die ergste deur veldbrande geraak word waar brande gedurende die lang, warm somermaande 'n natuurlike verskynsel is. Juis daarom is die werk van Munisipaliteit Overstrand se brandweer, in die besonder, allerbelangrik in ons stryd om die streek se biodiversiteit te bewaar.

Onlangs is twee splinternuwe brandbewusmakingsborde aangebring by die Grootbos private natuurreservaat net buite Gansbaai op die R43 en by die afdraai na Pringlebaai.

Hierdie borde dien nie net as 'n instrument om die boodskap oor te dra dat brande voorkom moet word nie, maar voorsien motoriste ook van die Overstrand-brandweernommer wat hulle moet skakel as hulle enige tekens van 'n moontlike brand in die area sou opmerk. Die bokkietekens is goedgunstiglik deur die Groter Overberg-brandbeskermingsvereniging (GoFPA) geskenk, en Overberg se "Working for Fire"-span het gehelp om hulle op te rig.

Aldus Overstrand se assistenthoof: brand- en rampbestuur, Marlu Rust, is dit belangrik om gemeenskappe oor brande en brandvoorkoming op te voed. "Ons moet deurentyd met ons gesinne en vriende praat oor die gevare van brande en wat om te doen as een sou uitbreek," het hy gesê.

"Huiseienaars, gemeenskapsleiers, beplanners en ontwikkelaars moet saam daaraan werk om meer brandslim te wees. Ons leef in 'n omgewing wat vatbaar is vir brande, en daarom is dit belangrik om brandslimbeginsels te implementeer sodat mense en eiendom beskerm kan word.

"Ons moet 'n volhoubare balans vind tussen die beskerming van lewe/lewensmiddels en die bewaring van die streek se biodiversiteit - dit kan slegs deur geïntegreerde brandbestuur vermag word. Brande is, per slot van sake, iets wat deur almal bestry moet word," het hy ter afsluiting gesê.

'n Beroep word op die publiek gedoen om brande onmiddellik te rapporteer sodat hulp so gou as moontlik uitgestuur kan word. In geval van nood **kontak Overstrand-brand, -redding en -rampbestuur asseblief by 028 312 2400**. Maak seker dat jy hierdie nommer op jou selfoon stoor en leer dit vir jou kinders.

ROTARIËRS VIER 70STE VERJAARSDAG

"Vatvyf" vir Rotariërs wat hul tyd en energie aan verdienstelike gemeenskapsake wy! Hier verskyn aangewese president Ann Wright (links), president Ian Wallace, distriksgoewerneur Lynette Stassen en Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee.

Hermanus se Rotariërklub het sy 70ste verjaarsdag op Saterdag 25 Maart gevier met 'n dinee by die Classroom Restaurant in Hermanus.

Die geleentheid is bygewoon deur vorige presidente, vorige distriksgoewerneurs en lede van Nuweland, Bellville en Paarl se Rotariërklub wat Hermanus se Rotariërklub op 25 Maart 1948 gestig het, sowel as ander plaaslike organisasies en ondersteuners.

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, raadsheer Dudley Coetzee, het die klub vir sy werk in die area geloof en hulle gelukgewens met die bereiking van só 'n mylpaal.

• Enigeen wat belangstel om by die Rotaryklub aan te sluit, word aangemoedig om dit te doen.

Om nadere besonderhede, rig 'n e-pos aan Ann Wright (annwright @telkomsa.net) of Ian Wallace (ianwallace@iafrica.com).

Hier is Galie Badenhorst, Premier Helen Zille, Brandweerhoof Lester Smith, Marchel Akkers en Alpheus Motlabi. Wes-Kaap vereer die Hero's Walk by die 2018 Kaapstadse Karnaval met Premier Helen Zille

OVERSTRAND SE HELDE VERDIEN 'n DRUKKIE…

Op Saterdagaand 17 Maart tydens die Kaapstad-karnaval het die Moederstad 'n behoorlike opskop gehou toe duisende toeskouers al langs die lekkerlooproete in Groenpunt stelling ingeneem het as deel van die jaarlikse straatfeesparade.

Volgens tradisie het Stad Kaapstad hulde gebring aan brandbestryders vir hul toewyding en die ure en ure se harde werk wat hulle daaraan wy om brande te bestry.

Nie al Overstrand se brandbestryders kon die geleentheid bywoon nie omdat sommiges bystandsdiens moes verrig, maar diegene wat wel die heldeparade kon opdaag, het die aand terdeë geniet.

TWEEDE OPENBARE VERGADERING OOR KLEINMOND SE ONTWIKKELINGSBEHOEFTES GEHOU

Munisipaliteit Overstrand het, met die hulp van 'n professionele span, 'n ondersoek na ontwikkelbare grond in en rondom die dorp Kleinmond van stapel gestuur met die doel om vir die dorp se onmiddellike en toekomstige ontwikkelingsbehoeftes te beplan.

As deel van die openbaredeelnameproses, waarvan verteenwoordiging deur wyksafgevaardigdes op 'n projekbeheerkomitee deel uitmaak, is die gemeenskap van Kleinmond genooi om 'n tweede openbare vergadering by te woon wat op Donderdag 19 April in Proteadorp se gemeenskapsaal gehou is. Die doel met hierdie vergadering was om daardie gemeenskapslede wat nie die eerste vergadering (gehou op 15 Maart 2018) kon bywoon nie oor die stand van sake in te lig en om die proses te verduidelik wat gedurende die ondersoek gevolg gaan word. Terselfdertyd is Kleinmond se algemene publiek die geleentheid gegun om hul insette te lewer en vrae te vra. Met druktyd was Overstrand se aangewese amptenare en die professionele span besig om beide openbare vergaderings se insette saam te vat, en Bulletin onderneem om in die volgende uitgawe meer volledig hieroor te berig.

DANKIE, MENSE

Ten tyde van die Raadsvergadering wat op 28 Maart 2018 gehou is, het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee sy simpatie betoon met diegene wat die ergste deur die onrus in Zwelihle geraak is en terselfdertyd sy opregte dank uitgespreek teenoor 'n ieder en 'n elk wat hul bes gedoen het om die situasie te beredder en hulp te verleen aan diegene in nood. "Dit is betreurenswaardig dat die situasie handuit geruk het en die inwoners van Zwelihle in só 'n moeilike posisie geplaas is. Ek het egter alle vertroue dat ons, ná afloop van gesprekke met die gemeenskap se leierskap, hierdie kwessie vreedsaam en rustig sal kan oplos," het hy gesê.

In antwoord op die Burgemeester se toespraak het die hoofsweep van die ANC, rdl. Simphiwe Tebele, die Burgemeester en Munisipaliteit Overstrand se leierskap bedank vir hul besliste optrede ten tyde van die Zwelihle-onrus. Hy het ook al die raadslede en amptenare bedank vir hul betrokkenheid by pogings om inwoners van Zwelihle, sowel as vlugtelinge wat deur die onrus geraak is en 'n heenkome in die Sandbaaisaal moes vind, te probeer help. Beide die regerende en opposisiepartye het net lof gehad vir die toewyding en meelewing wat die Overstrand-gemeenskap in die algemeen aan die dag gelê het en, in die besonder, vir die hulp wat deur wetstoepassing, verkeer, die SAPD en die Gemeenskapspolisiëringsforum verleen is.

PADVEILIGHEIDSWENKE
wat elke kind moet ken

Overstrand-verkeer en die departement van vervoer en openbare werke (DVOW) het op 14 Maart 'n geleentheid by die Hoopland-akademie in Stanford gehou om bewustheid rondom padveiligheid te kweek.

Die graad 5-leerders het van padveiligheidswenke geleer, soos hoe om 'n pad veilig oor te steek, en wat verkeerstekens beteken.

Verkeersbeampte Samantha van Vuuren het gesê kinders moet altyd aangemoedig word om die volgende te doen:

- **loop altyd op die sypaadjie of voetpaadjie of, as daar nie 'n sypaadjie is nie, loop met jou gesig na aankomende verkeer;**
- **kyk regs, kyk links en weer regs voordat jy die straat oorsteek;**
- **haal kopfone af wanneer jy die straat oorsteek; en**
- **steek die straat, waar moontlik, by verkeersligte en voetoorgange oor.**

Leerders aan Hoopland-akademie saam met 'n paar van hulle onderwyseresse asook verkeersbeampte Samantha van Vuuren en DVOW-padveiligheidsbeampte Chris Abrahams.

WHEELCHAIR FRIENDLY

Rolstoelvriendelike wandelroete bied toegang tot asemrowende uitsigte vir almal

Die wandelpad al van Hermanus se kuslyn is 'n belangrike bate en een van dié dorp se uitsonderlikste aanloklikhede.

Die roete van die wandelpad van ±12 km is asemrowend en strek vanaf die Nuwe Hawe al langs die kus tot by Grotto-strand.

Rolstoelvriendelike seksies is waar moontlik geskep ter wille van gestremdes, bejaardes en babas in stootkarretjies en kinderwaentjies.

In die besonder is meer as 9 km geheel en al toeganklik vir rolstoele.

Daardie areas sluit in:

- die hele Westcliff- en kusgedeelte deur die dorp vanaf die Nuwe Hawe tot by Proteaweg
- Mollergren tot by Kwaaiwater
- Voëlklip tot by Grotto
- die kontoerpaadjies langs Hoy se Koppie

Die kaart kan op hermanuscliffpath.co.za se webtuiste gesien word.

MICHAELIS TRIO

O·A·K overstrand arts · kunste

Op Sondagmiddag, 27 Mei, gaan Overstrand Arts/Kunste 'n uitvoering deur die Kaapse **MICHAELIS-TRIO** aanbied wat werke deur Beethoven, Frank Bridge en Clara Schumann gaan speel. *Die konsert begin om 15:30 in die Hermanusouditorium. Kaartjies kos R140 (R60 vir studente) en is beskikbaar by die toerismekantoor (028 312 2629) in Mitchellstraat, Hermanus. Kontak sekretaresse René du Plooy by 082 940 4238 vir navrae.*

KUNDIGES DEEL HUL INSIGTE OOR WATER

Met die tema "WATER IS LEWE", het Overstrand Nasionale Waterweek vanaf 17 - 23 Maart gevier.

Overstrand se burgemeesterspaar, raadsheer Dudley Coetzee en sy eggenote Shirley, in die geselskap van Coenie Groenewald (munisipale bestuurder, Munisipaliteit Overstrand), Rashid Toefy (adjunk-direkteur-generaal van ekonomiese ontwikkeling en toerisme, Wes-Kaapse Regering), Nora Hudson (plantgebaseerde gesondheid), Wayne Siepman (hoofbestuurder van Arabella Hotel & Spa), Heidi van der Watt (Better Tourism), Joep Schoof (voorsitter van FEDHASA WK-hotelgroep), onderburgemeester Elnora Gillion en haar eggenoot Craig by 'n vergadering van Hermanus se Sakekamer wat by die Arabella Hotel & Spa gehou is.

Verskeie programme met 'n waterbewaringstema is in gemeenskappe en by skole aangebied om die publiek te onderrig in en in te lig oor die belang van water en hoe hierdie bron op 'n slim manier bespaar kan word.

Heel gepas het Hermanus se Sakekamer sy lede genooi om tydens sy vergadering op 14 Maart die groter skaal van die waterkrisis in Kaapstad te bespreek en hoe dit toerisme in die Overbergstreek raak.

Dié geleentheid is by die Arabella Hotel & Spa gehou, en sprekers komende van die Wes-Kaapse departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme sowel as FEDHASA (Gefedereerde Gasvryheidsvereniging van Suidelike Afrika) het deelgeneem aan 'n bespreking met die onderwerp "Waterbestuur as kritieke vraagstuk". Ook teenwoordig was Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee en munisipale bestuurder Coenie Groenewald. In sy aanbieding oor die watersituasie in Overstrand het Burgemeester Dudley Coetzee beklemtoon dat water 'n skaars hulpbron is wat in die toekoms omsigtig bestuur moet word.

"Op die oomblik gebruik Hermanus ±10 miljoen liter water per week en die vlak van die De Bos-dam het teen die einde van Februarie 2018 op 46% gestaan, vergeleke met 50,7% teen einde Januarie 2018 en 74,8% teen einde Februarie 2017.

Die Buffelsrivierdam, wat water aan Rooi-Els, Pringlebaai en Bettysbaai verskaf, staan steeds op 85% van sy kapasiteit. Die Kraaiboschdam by Gansbaai staan ook op 85%, en die Pearly Beach-dam staan op 100%," het die Burgemeester gerapporteer. Die boorgate wat water aan Hermanus, Stanford, Baardskeerdersbos en Buffeljagsbaai verskaf, is in hierdie stadium nog nie negatief deur die droogte geraak nie, het hy bygevoeg.

Hierna het hy daarop gewys dat die eerste stap om waterreserwes te verhoog, die sink van addisionele boorgate oor die volgende twee jaar gaan behels. Benewens die boorgate is herwonne water die goedkoopste en maklikste manier om Overstrand se waterreserwes aan te vul. Planne oor die langer termyn sluit in om 'n ontsoutingsaanleg in Hermanus te bou.

"Ten einde ons waterbronne verder aan te vul, moet ons ook ander moontlikhede oorweeg, en dit is onafwendbaar dat afvalwater herbehandel sal moet word. Die oogmerk is nie om afvalwater tot 'n drinkbare standaard te omskep nie, maar ten minste tot 'n standaard wat aanvaarbaar is vir die benatting van tuine en sportgronde, die meng van sement, en die spoel van toilette - want niemand kan bekostig om aan te hou om drinkwater vir hierdie doeleindes te gebruik nie.

Op die oomblik gebruik ons 1,5 miljoen liter behandelde rioolwater per maand om sportgronde in die Hermanusgebied te besproei en daar is 'n soortgelyke projek in Gansbaai."

Hy het bygevoeg dat mense moet aanleer hoe om "grys water" doeltreffend in hul huise te gebruik en dat die munisipaliteit in sy goedkeuring van bouplanne spesifiek aandag sal moet skenk aan die doeltreffende gebruik van water. Die gebruik van krane wat belugte water vir die was van hande en groente lewer, moet aangemoedig word. "Ons moet ook seker maak dat reënwater só herlei word dat dit waterdraende bronne aanvul eerder as om bloot in die see te beland," het die Uitvoerende Burgemeester gesê.

Die kuspaadjie tussen Onrus en Vermont is onlangs met 'n splinternuwe houtvoetbrug opgegradeer waarvan almal gebruik kan maak.